

## INTERESSANTE FOSSIEL UIT ALIWAL-NOORD

DIE gefossiliseerde onderkaak wat Jacques van Heerden, paleontoloog van die Museum op die meegaande foto vertoon, is presies een meter lank. Dit het behoort aan 'n reuse amfibie en verteenwoordig die grootste dier van sy soort wat tot nog toe in Suid-Afrika gevind is. Hierdie amfibie – 'n dier wat verwant is aan die hedendaagse paddas – het 200 miljoen jaar gelede in die Karoo-moerasse in die omgewing van die huidige Aliwal-Noord gelewe.

Die Museum is baie dank verskuldig aan mnr. F. J. (Boet) du Plooy wat die fossiel gevind het en gehelp het om dit uit te haal, asook aan dr. S. Fourie van die Vrystaatse Universiteit wat die onderkaak uit die etlike honderde fragmente opgebou het.

Dit is van die allergrootste belang dat persone wat op versteende beendere of voetspore afkom dit dadelik aan die Museum sal rapporteer. Wanneer dit aan die wind en weer blootgestel word gaan dit tot niet. Die vinder daarvan moet dit egter nie self uitgrawe nie. Die wet verbied dit tewens ook. Alleen 'n opgeleide paleontoloog kan die nodige opgrawingspermit bekom en dit wetenskaplik korrek versamel sodat belangrike besonderhede oor die presiese vindplek, die laag waarin dit voorkom en die verhouding van die verskillende elemente tot mekaar nie verlore raak nie.



(J.O.P.)



(J.O.P.)

In hierdie uitstalling in die paleontologiesaal van die Museum word die fossiel van 'n ander groot amfibie by name Uranocentron uitgebeeld met 'n rekonstruksie van die dier in die agtergrond. Hierdie dier is 'n paar miljoen jaar ouer as die een van Aliwal-Noord. Laasgenoemde se kop was egter omtrent twee maal so groot as dié van Uranocentron.

## NEW DISPLAYS IN ANTHROPOLOGY



(J.O.P.)

A reconstruction of the head of the Florisbad man (right) made under the supervision of scientists at the American Museum of Natural History in New York was recently obtained. It will shortly be on display in the renovated T. F. Dreyer hall for anthropology. On the left is a cast of the skull as excavated by Prof. Dreyer at Florisbad in 1932, and in the middle is his reconstruction of the skull.

The new displays will deal with the excavations and finds at Matjes River near Plettenberg Bay and Florisbad near Bloemfontein. A series of casts of skulls of early man as well as skulls representing the various indigenous tribes will also be displayed.

### ETENSUUR-FILMVERTONINGS

Elke Woensdag gedurende die etensuur, dit wil sê vanaf 1.05 nm. word een of meer interessante rolprente in die auditorium vertoon. Hierdie filmvertonings word gratis aangebied en dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe.

### LUNCH HOUR FILM SHOWS

During the lunch hour on Wednesdays, from about 1.05 p.m. one or more interesting films are screened in the auditorium. These films deal with a wide variety of subjects and no entrance fee is levied.

Skriftelike aansoeke om eksemplare van hierdie ses-maandelikse nuusbrief moet gerig word aan die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein. Enige inligting sowel as foto's waarop geen kopiereg voorbehou is nie, kan oorgeeneem word met erkenning van die bron.

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein. Any information as well as photographs not copyrighted may be reprinted with acknowledgement of source.